

Julius vertel die plan aan die fariseërs

239

Toe wend **Julius** hom weer tot sy jong fariseër en sê: "Wel, vriend, ons het toe 'n goeie manier gevind waardeur julle met jul ouers volkome geregverdig sal wees voor die tempel en al haar eise. En julle ouers sal selfs 'n teregte klag teen die tempel kon indien by die Romeinse beheerbeampte, sodat die tempel sekerlik veroordeel sal word tot 'n skadeloosstelling aan julle ouers omdat hulle julle verloor het. Julle is naamlik, omdat julle onder dwang van die tempel die Romeinse wet betreffende die juiste reispasse nie opgevolg het nie, 'n wet waarop die tempel tot op hierdie uur nog heel hardnekkig geen ag wil slaan nie, deur ons Romeine gevange geneem en dadelik ingelyf by die soldate van die vreemdelingelegioen! Julle is nou dus vir julle eie beswil gevange geneem. Geval dit julle?"

[2] **Almal** sê: "O meester, wie u ookal is, hierdie goddelike raad kon slegs maar 'n God aan u gegee het! Waarlik, so bereik ons die goeie doel vir ons, en nie minder nie, vir ons ouers. O geluksaligheid, hoe soet is u smaak, en hoeveel wyser is die groot Rome as ons baie bouse Jerusalem! Ou bewaarder en vader van hierdie huis, gaan en bring ons ter ere van hierdie verblydende mededeling nog wyn, want nou moet alle aanwesiges daarop drink! Ons het in één klap uit die hel in alle hemele teruggekom. Die blinde Judeërs wag nog steeds op 'n beloofde Messias, wat hulle van die juk van die Romeine sal bevry. En kyk, ons het juis hier in julle, beste Romeine, die egte en alleen ware Messias van alle mense gevind! **Die suiwer Waarheid is die egte Messias van alle mense.** En dié is in julle midde, en so is julle, omdat julle die volle en suiwere Waarheid onder en in julle het, die enige en ware Messias van alle suiwere en regskepe denkende Judeërs. Maar ook van alle mense wie se harte deur allerlei ou, waardelose en deur verdorwe voorskrifte en daarvan afgeleide nog slegter wette gevange gehou word. Ou bewaarder, gaan, gaan, en laat ons nog 'n wyn drink op die welsyn van ons verlossers en Messiassel!"

[3] Markus laat dadelik nog meer brood en meer volbekers wyn na die tafel van die vreemdelinge bring, en die jong spreker vra nog 'n keer aan Julius wie daar tog almal in die geselskap aanwesig is en wie hy eintlik self is.

[4] **Julius** sê: "Ek het julle tog al vroeër gesê dat die by julle so sleg bekendstaande Julius van Genésaret, wanneer hy onbedoeld iemand onreg aangedoen het, ook op die regte oomblik alle moontlike moeite sal doen om dit weer goed te maak. En die deur julle gevreesde Julius is ek self, en daar, teenoor my, sit die verhewe opperstadhouer van die hele Asië en Egipte - Cyrenius, na wie julle in Sidon wou gaan. En sê nou eers - hoe tevrede is julle met ons harde, onverbidde Romeine?!"

[5] Toe **die jong fariseër** dit hoor, skrik hy eers behoorlik en al sy metgeselle ook, maar hy kalmeer baie gou en sê: "Hoë gebieder, is u kwaad vir ons

vanweë my toespraak van vroeër, wat u tog nie so baie vleiend kan noem nie? Maar ek kan egter niks daaraan doen nie, net soos wat u daar duidelik niks aan kon doen toe u ons, met deur middel van leem toegesmeerde oë en ore, na Kapernaum laat vervoer het. As u ons toe so sou geken het soos nou, dan sou u ons dit nie aangedoen het nie. U beskou ons egter as gewone fariseërs van die swakste allooi, en dit verontskuldig algeheel die toenmalige harde behandeling wat u ons gegee het. Vergeef óns nou egter ook en veral vir my, want u weet nou, wat, hoe en waarom!"

[6] **Julius** sê: "Ek praat graag met vrymoedige mense, en sal nooit manne beledig wat vrymoedig uitpraat en wat die waarheid vry-uit praat, sonder vrees en angs en sonder enige terughoudendheid nie; maar wee ook diegene wat anders dink en voel en heeltemal anders praat! Vir my is daar niks gehater as die leuen nie, en selfs 'n noodleuen verdoem ek, want dit is beter om vir Elohim en alle eerlike mense te sterwe - as homself te red deur 'n onwaarheid! Maar, soos gesê, julle eerlike taal geval my. En omdat julle omstandighede my so ongeveer bekend is vanuit Jerusalem en Bethlehem, weet ek ook dat julle hier bykans sonder enige voorbehoud julle versoek na vore gebring het. Iets het julle nog nie heeltemal uit die doeke gehaal nie, maar dit is maar 'n kleinigheid, en dit sal julle ook bereik as julle ons Romeine 'n egte en altyd opregte getroue en broederlike toegeneentheid sal bewys!"

[7] **Die jong spreker** sê: "Verhewe meester, wees u ook heeltemal oop en sê reguit wat ons nog agtergehou het wat by ons versoek hoort! Want helaas, daar is nog baie in ons wat ons hier nie kan meedeel nie, omdat die tyd ten eerste te kort was en 'n mens in die tweede plek in 'n so hooggeëerde geselskap tog met soveel dinge nie met die hele deur in die huis kan val nie. Veral as 'n verhewe meester soos die opperstadhouer van die hele Romeins-Asië aanwesig is, wie se hoogheid en majesteit ons nog nie eens direk durf aankyk nie sedert ons weet dat dit hy is nie. Bowendien bevind daar hulle aan u tafel ook 'n meisie en 'n jongeling, en dan geld tog: Hou jou tong 'n bietjie in toom! Maar as ons alleen bymekaar sal wees, sal ons sekerlik, verhewe meester, niks meer op die een of ander wyse geheim hou nie! Maar omdat u met ons arme sondaars tog al so vol medelye en barmhartigheid is, sê ons dan in stilte wat u nog onbehoorlik aan ons vind, en of dit miskien óók 'n hoë Romein is met wie u vroeër oor ons Romeins gepraat het!"

[8] **Julius** sê: Wel, dit wat julle my fatsoenlikheidshalwe verswyg het, is tog nie meer belangrik nie, nie vir my nie en ook nie vir julle nie. Maar om die man te ken wat julle opval, sou wél van die grootste betekenis vir julle kon wees! Maar daarvoor is vandag sekerlik geen tyd meer nie; môre dus die res!" - Daarmee was die gereddes heel eerbiedig tevrede en hulle gryp weer na brood en wyn en drink nog menige heildronk op die blydschap wat nou hul harte vervul.

240

Ten slotte stel daar **een**, wat nog bietjie wyn in sy beker gehad het, as volg 'n heildronk in op die gesondheid van die wyse Násarener: "Ook Hy, vir wie ons gesoek het, maar tot ons spyt nêrens kon vind nie, sal wat ons betref vir altyd lewe, as Hy nog êrens leef en in veiligheid is. Ons sal Sy lewe, wat 'n seën vir die mens is, in ewigheid nie verlaag nie. - O, sou Hy Hom deur ons laat vind het, dan sou ons Hom oor die tempel sulke dinge vertel het dat, as Hy ook nog maar iets daarvan verwag het, Hy net soos ons seker nooit meer daarna sou verlang nie! Omdat ons Hom egter nie kon vind nie, bring ons Hom, die goeie liggaams- en siele-arts uit Násaret hierdie heildronk!"

[2] By hierdie geleentheid kom daar by Julius, asook vir die heeltetal ontroerde Cyrenius, trane in die oë. Ook Jarah en die meeste van My leerlinge kry trane in die oë. En **Jarah** sê baie saggies aan My: "O Meester, as ek nou mag praat, hoe sou ek hierdie dertig gereddes dan tog baie oor U kon en wou vertel het!"

[3] **Ek** sê: "Ja, as jy My nie verraaï nie, dan mag jy wel iets sê, want die gereddes sal met gespanne aandag na jou luister!"

[4] **Jarah** sê baie bly: "O, as dit so is, sal ek die geselskap dadelik om aandag vra!"

[5] **Ek** sê: "Wel, doen dit, maar jy moet flink bly en nie begin huil nie!"

[6] **Jarah** sê: "O Meester, dit sal ek so goed moontlik probeer vermy!" - Na hierdie versekering gaan Jarah staan en sê met 'n heldere en goed hoorbare stem: "Luister, liewe vriende wat so-ewe 'n heildronk ingestel het op die deur u gesoekte en tog nie gevonde Verlosser uit Násaret! In my hart deel ek hierdie heildronk met u uit die diepste van my lewe, want ek het die onskatbare geluk gehad Hom te leer ken, en wel in Genésaret self. Ek is daarom ook in die gelukkig stemmende omstandigheid om u van Hom, wat betref Sy karakter en Sy ongehoorde vermoëns, weliswaar 'n kort maar baie getroue skets te gee, ten minste as u dit verlang om aan te hoor."

[7] **Almal** sê luid: "Ja, ja, liefkind uit Genésaret! Vertel dit egter eerder meer uitgebrei, as miskien bietjie te beknop, ten minste as dit jou tere bors nie te veel sal belas nie!?"

[8] **Jarah** sê: "O, bekommer u maar oor ander sake! My bors is sterk en kan dit wel verdra. Kyk en luister dan! Soos u, het ook ek al baie oor die nuwe opgestane Wonderheiland gehoor. Ons streek was altyd een van die ongesondste in die hele Galiléa, want elke vreemde wat daarheen gegaan het en hom maar 'n paar dae daar ophou, word altyd so siek dat hy beslis nie meer verder kon reis nie. Daar was sommiges wat dikwels langer as 'n jaar daar moes bly; die eie bevolking het egter nie so 'n las daarvan nie. Heeltetal kerngesonde mense was daar nie baie nie, maar tog vind jy daar onder die eie bevolking weinig waarvan gesê kon word dat hulle siek was. Alle reisigers vermy daarom sorgvuldig hierdie plek, en wie nie deur beslis noodsaaklike,

dringende sake daarheen gedryf was nie, kom verseker nie na Genésaret nie.

[9] Toe ek vir die eerste gehoor het van die bewuste Verlosser uit Násaret, begin ek heel innig tot die God van Abraham, Isak en Jakob te bid dat Hy die Verlosser ook na die baie ongesonde Genésaret sal laat kom. En kyk, ek word weldra verhoor, want die Verlosser uit Násaret het baie vinnig daarna na Genésaret gekom. En 'n mens sien 'n Verlosser sonder medisyne en vra jouself heimlik af: 'Hoe sal hy nou al die siekes genees?' Maar Hy oortuig ons maar al te gou dat Hy slegs hoef te sê: 'Ek wil, wees gesond!' en kyk, in 'n oogwink word almal, met watter verskillende geneeslike of ongeneeslik verklaarde siektes hy ookal behep was, blitssnel sodanig genees dat daar by hulle ook geen enkele spoortjie meer van te ontdek was dat hulle ooit siek was nie! Lammes, blindes, dowes, kreupeles, besetenes, jiglyers, melaatses en nog talle met honderde ander kwale beheptes, dit maak vir die Verlosser niks saak nie, Sy woord en wil genees hulle almal. Julius, 'n Romein, is met honderde ander daarvan getuie gewees.

[10] Hy genees egter nie slegs die liggame van die mense nie, maar ook die siele en hul insig, vee die blinde bygeloof uit die harte van die dom en verdwaalde mense en leer die onwetendes op 'n so heldere en goedverstaanbare wyse, dat almal hulle nog meer daarvoor verwonder as oor Sy genesinge deur die woord.

[11] Ten laaste toon Hy Hom ook volmaak Meester en Majesteit oor die natuur, want Hom gehoorsaam water, lug, vuur en aarde, en ek sou selfs met alle sekerheid kon staande hou dat son, maan en al die sterre nie ongehoorsaam sou kon wees aan Sy woord nie, want die engele van die hemele gehoorsaam hulle volgens Sy wil.

[12] Hy hou baie van my, soos wat ek Hóm bo alles liefhet, hoewel Hy uiterlik helaas geen beeldskone man is nie, want Hy is effens klein van postuur, en Sy hande is ru en het littekens van die werk, maar Sy hoof is waardig en Sy oë is wel die mooiste wat ek ooit gesien het. Ook om die mond het Hy 'n besondere vriendelike, hoewel tewens ook waardige, ernstige trek. Die stem van Sy mond kan 'n mens egter werklik manlik in verrukking bringend noem, want dit klink ten minste vir my ore soos die mooiste en suiwerste gesang.

[13] Dit is dan 'n so kort moontlike, volkome waarheidsgetroue skets van die beroemde Verlosser uit Násaret, waarvoor, soos reeds gesê, honderd baie betroubare getuies kan instaan. - Hoe geval u nou die Verlosser, wat u gesoek en nie gevind het nie?"